Maandag

Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 “Laat die woord ‘ja’ by julle ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Maar as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. ʼn Mens vertel nie ʼn leuen nie, jy is en leef ʼn leuen. ʼn Mens vertel nie die waarheid nie, jy is en leef eg. Dit is wat die Here aan die orde stel met die eis dat ons “ja”, ja moet wees en ons “nee”, nee moet wees. Jy moet eg wees en eg leef en nie vals wees en leef nie. Wat meer as net ja of net nee is, is uit die bose! Die Duiwel word deur die Here self in die Johannes evangelie die vader van die leuen genoem. Wat meer as net ja of net nee is, is die mag van die bose! Hoe is ons en ons lewe maar as net ja of nee? Só! Ja-maar! Nee-maar! Op hierdie manier, ja-maar, nee – maar, besweer die Duiwel in sy boosheid die leuen asof dit die waarheid is en valsheid asof dit egtheid is. Dit is die wyse waarop die Jode gesweer het wat die Here hier as sonde openbaar: hulle het die leuen met God se Naam as die waarheid besweer. Hierdie dubbelsinnigheid van “ja-maar”, “nee-maar”, was die magswêreld van die Joodse godsdiens gewees: hulle het met God se Naam die valsheid en die leuen as die waarheid besweer. Dit is presies hoe die Duiwel die Here Jesus Christus in die woestyn probeer verlei: Hy wil van Jesus ʼn valse Christus maak, en hierdie valse Christus besweer die Duiwel met die Woord van God as die regte Christus. Hy maak van ʼn valse Christus die regte Christus en Jesus moet hierdie leuen vir die Duiwel wees. Dit is die stryd tussen Jesus en die Duiwel in die woestyn – die stryd oor die ware en die valse Messias, Christus. Die Messias, wat ʼn leuen is en ʼn leuen leef of die Christus wat die waarheid is en die waarheid leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 “Laat die woord ‘ja’ by julle ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Maar as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. Satan se eerste leuen wat hy as die waarheid oor die Christus besweer is om Jesus uit te daag om van klippe brode te maak met sy mag as God. Hy wil van Jesus ʼn leuen maak en leuen laat leef deur van Hom ʼn Christus te maak wat sy goddelike mag gebruik vir sy eie nood. Hy besweer hierdie leuen dat die Christus gekom het om Homself te red met die titel van die Christus – Seun van God. Hierdie valse selfreddende Christus is die Christus waarin die Jode sal glo volgens hulle eie woorde by die kruis: “Hy het op God vertrou, laat Hy Hom nou red as Hy wil. Hy het immers gesê: “Ek is die Seun van God. (Mat. 27: 43) Jesus moet die Satan se leuen wees en leef van ʼn Christus wat Homself red en nie magteloos en godverlate sterf om sondaars te red nie. Die Satan se tweede leuen oor wie Jesus moet wees is die uitdaging om die wonderwerk te doen om van die tempel se dak af te spring en met engele ʼn magsdemonstrasie te gee dat Hy God se gunsteling is. Sou Jesus dit gedoen het, voor die Jode, sou hulle Hom daar en dan as die Christus aanbid het. Die Jode verklaar openlik by die kruis dat hulle in Jesus sal glo as Hy die wonderwerk doen om van die kruis af te kom. (Mat. 27: 40 – 42) Dan sal Jesus die Messias van die Joodse tempel en Joodse godsdiens wees waar alle mense deur die Jode aan god se wet met mag en geweld onderwerp word, net soos Moslems dit vandag doen. Die Stan besweer hierdie leuen met ʼn Bybelversie. Hy maak met ʼn Bybelversie Jesus die valse Messias. Jesus se waarheid is dat Hy as God Homself aan niks en niemand as God met wonderwerke moet bewys nie. Om God uit te daag om Homself as God te bewys is om God te versoek. Christus is God soos God God is vir sondaars. Hy is God wat as mens gebore word om Immanuel, god met sondaars te wees. (Mat. 1:23. 28: 20). Só is Jesus die Christus

wat die tempel afbreek (Mat. 27: 51) en nie die magsentrum van die Joodse godsdiens maak nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag
Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 "Laat die woord 'ja' by julle 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Meer as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. Die brutaliteit van Satan oor die valse Messias kom wanneer Hy Jesus sonder enige beswering van die waarheid voor die werklike leuen stel: om die Christus te wees wat met sy goddelike magtigheid alles en almal aan Hom onderwerp, gedienstig maak en oorheers, sodat nasies Hom sal vereer vir sy magtigheid. Hierteenoor verklaar Jesus die waarheid oor Homself as die Christus wat sondaar tot aanbidding sal bring deurdat Hy hulle in God se verbondsliefde sal insluit (Mat. 28: 20) en al die mag wat Hy as die Christus, die Herder het (Mat. 2: 6), sal gebruik ons God se kinders te verlos van hulle sonde. (Mat. 1: 21, 28: 18) Jesus se "ja" om ons Messias te wees is sy "ja" en sy "nee" om nie die Satan en Jode se valse Messias te wees nie, is sy "nee." "Ja", Hy is die Christus wat sondaars van hulle sondes kom red deur self die sondaar in hulle plek te wees(Mat. 3: 15)  "Nee", Hy s nie die Christus wat met goddelike mag mense met geweld aan God onderwerp en hulle so oorheers nie. "Ja", Hy is die Christus wat aan die kruis bly hang en sterf vir sondaars. "Nee", Hy is nie die Christus wat met wonderwerke Homself teenoor mense as God moet bewys om hulle só te onderwerp aan God se wet nie. "Ja", Hy is die Christus wat deur sy kerk aanbid word omdat hulle ingesluit is in God se liefde vir sondaars. (Mat. 2: 23, 28:17) "Nee", Hy is nie die Christus wat aanbid word vir sy magtigheid waarmee Hy al die nasies van die wêreld onderwerp en oorheers nie. Dit is hoe Jesus Christus ons "ja" ons "ja" maak en ons "nee" ons "nee." Hy verlos ons van die leuen wat ons is en leef en maak ons eg in sy waarheid as die Christus. Dit doen die Here Jesus Christus deur die wet van God vir ons te kom vervul deur sy lyding, dood en opstanding, sodat Hy ons reg vir God maak. Hy is nie die valse Christus wat ons kom onderwerp deur die eis dat ons onsself vir God moet reg maak nie. Hy maak ons reg in sy waarheid. Ons maak onsself nie reg met ons leuens nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 "Laat die woord 'ja' by julle 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Meer as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. Jesus is die Christus wat ons vir God se liefde regmaak deur aan te kruis te bly en te sterf vir ons sonde in ons plek. Só maak Jesus Christus ons reg en heilig vir God se liefde. Christus sluit ons in en laat ons deel wees van wie Hy in waarheid is – reg en heilig vir God se liefde. Só maak Christus ons eg! Eg in ons herkenning, erkenning, berou en belydenis van ons eie sondes! Omdat ons vir God se liefde reg en heilig is, bely ons ons sondes soos ons dit gewil het, beplan het en berekend uitgevoer het terwyl ons geweet het wat ongeërg was oor die skade van ons sondes. Eg, sonder verskoning en selfregverdiging. In die waarheid van Christus se straf vir ons sonde, kan ons eg wees in ons sonde-belydenis. Eg in ons afkeur en weerstand teen sonde!  Christus se waarheid dat ons vir God se liefde reg en heilig is, skep in ons die afkeur in ons eie sonde, dat my sonde is nie wie en wat ek in God se liefde is nie. In my eenheid met Christus kan ek nie my sonde as my werklike self aanvaar nie want dit is nie wie ek in Christus is nie. Eg in ons toewyding aan God se liefde in in sy diens! Christus se waarheid dat ek altyd vir sonde onskuldig is en altyd reg vir God se liefde bly, ten spyte van my eie

sondigheid, maak dat ons God vreesloos vir verwerping kan liefhê. Só maak Christus ons “ja” vir liefde en ons “nee” vir sonde waar en eg. So laat Christus ons “ja” vir God se liefde “ja” wees en ons “nee” vir sonde, “nee” wees. In en deur ons geloof in Jesus Christus wie se “ja” om die gekruisigde Christus te wees, “ja” is en bly, en sy “nee” om nie ’n kragdadige Christus te wees nie, is ons “ja” vir God se liefde ons “ja” en ons “nee” vir sonde regtig net “nee.” Eg en waar in Christus – ja is ja en nee is nee! Nooit ’n ja-maar of ’n nee-maar nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 “Laat die woord ‘ja’ by julle ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Meer as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. Die Satan se valse Christus maak ons vals in ons bedoeling as mense. Die wyse waarop hierdie valse Christus ons in ons menswees vervals is om ons in ons geloof en liefde só ingesteld te maak: Ja-maar! Nee-maar! Deur ons ja en nee meer as net ja en nee te maak. So is ons ook uit die bose. Dan klink dit so: Ja, Jesus het vir ons sondes aan die kruis gesterf “Maar” jy moet ook jou hart, jou lewe, jou eie-ek, jou wil, jou persoonlikheid, jou eiendom opoffer om vir God reg te wees. Nee, ons kan onsself nie reg en heilig vir God se liefde maak nie, “MAAR” jy moet altyd daarna strewe, jy moet altyd probeer, jy moet dit nie self maar met die krag van die Gees doen en altyd ingesteld wees daarop om jouself reg en heilig vir God se liefde te maak. Hierdie geloof in ’n valse Christus wat jou wys hoe jy jouself moet regkry, maak jou teenoor God vals. Vals in jou sondebelydenisse! Want nou moet jy of bely dat jy dit nie só bedoel het, só gewil en gewens het nie, maar net swak was, of jy moet jouself so slegsê dat dit die waarheid van wat jy gedoen het ook vervals. Só moet jy nou so sonde bely om jouself vir god reg te kry. Vals in jou teenstand teen sonde! Jy moet teenoor God nou verklaar dat jy jouself sal reg kry, beter kry en beloof om dit nie weer te doen nie, omdat jy nou klaar met jou sondigheid is. Vals in jou liefde! Want nou verklaar, beloof en wys jy liefde vir God om weer sy liefde te kry. Hierdie is die valse geestelikheid van Satan waar jy in jou geloof boos is omdat jy teenoor Jesus Christus die Here en wie Hy vir jou is en wat Hy vir jou doen, ingesteld is met ’n houding van “Ja-maar!” en “Nee-maar! In die verlede is hierdie houding al beskryf as die “sektariese-plus”: Ja, Christus, maar ook my bekering, my oorgawes en my geestelikheid – om vir God reg en heilig te wees. Gelowiges leef in die geloof “Ja, net Christus” en daarom is my ja – ja en my nee – nee. Ja vir liefde en nee vir sonde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
Mat. 5: 17,18, 33 – 37; 4: 1 – 11; 28: 16 – 20. Teks Matteus 5: 37 “Laat die woord ‘ja’ by julle ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Meer as dit is uit die bose. Tema Christus laat ons in die waarheid leef. Die valse geloof in Jesus Christus die Here wat só in Hom glo, “Ja-maar, Nee-maar”, gaan eintlik oor ’n lewenswyse waar mense “Ja en nee” ter gelyktydig wil sê vir sonde en liefde op só ’n wyse: “Ja, dit is reg nie, maar ...” en “Nee, dit is nie reg nie, maar ...” Op hierdie wyse besweer geestelikes sonde asof dit liefde is, soos die Here dit openbaar: “Wat meer as net ja en nee is, is uit die bose.” Die valse Christus van Satan is die Christus vir valse Christelikheid. Die duidelikste voorbeeld van hoe ’n valse Christus die fondament vir sonde is wat as liefde besweer word, speel tans as ’n lewensdrama in die NG Kerk af. Hulle het sonde as liefde só besweer! “JA, die huwelik is die enigste instelling vir liefde tussen ’n man en vrou,

MAAR, God het vir mans wat vir mans wil lief wees en vroue wat vir vroue wil lief wees, ŉ burgerlike verbintenis gegee waarin hulle in God se seën kan leef." En terselfdertyd verklaar hulle "Nee, God verenig nooit mans met mans of vroue met vroue in ŉ huwelik nie. Hulle mag nooit in die huwelik bevestig word nie, MAAR God gee vir hulle ŉ lewenslange verbintenis van liefde en trou wat nooit ŉ huwelik mag wees nie." Hierdie is die amptelike standpunt van die Algemene Sinode van die NG Kerk. So besweer die kerk nou in vergaderings en eredienste sonde as liefde: "Ja-maar, Nee-maar!" In wie se Naam besweer hulle hierdie sonde asof dit liefde is? In die Naam van die Satan se Christus, die valse Christus wat nie so aan die kruis hang en sterf dat jy net in Hom hoef te glo om vir God reg en heilig te wees nie, maar die mag verteenwoordig van al die nasies van die aarde: die mag om hulle sondes hulle liefdes te laat wees. (Mat. 3: 9) Ons aanbid die Here Jesus Christus wat alleen God se ja op al God se beloftes vir ons is. (2 Kor. 1:20), nooit God se "ja-en-nee" nie. Omdat ons in Jesus Christus glo, is ons "ja" vir liefde "ja" en ons "nee" vir sonde "nee". Nooit "Ja, maar; Nee, maar; Ja-nee" nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus